

Tolmie, DF
Universiteit van die Vrystaat

Die karakterisering van Pilatus in die Johannesevangelie¹

ABSTRACT

The characterisation of Pilate in the Gospel of John

Quite a number of scholars have already investigated the characterisation of Pilate in the Fourth Gospel, but no agreement has thus far been reached on how this interesting character should be interpreted. In this article an overview of some of the interpretations of the characterisation of Pilate is presented before an own analysis is attempted. This is done in terms of the approach to characterisation proposed by Seymour Chatman, according to which characters in narrative texts may be studied from the perspective of the traits which are revealed to the implied reader as the narrative unfolds. In this article the paradigm of traits associated with Pilate is discussed and it is shown how the characterisation of Pilate develops as the narrative unfolds.

Die karakterisering van Pilatus in die Johannesevangelie het al heelwat aandag van navorsers gekry, met totaal uiteenlopende interpretasies van dié interessante figuur. Voordat ek 'n eie interpretasie van die karakterisering van Pilatus in die Johannesevangelie aanbied, gee ek eers 'n verteenwoordigende oorsig van navorsing wat reeds hieroor gedoen is.

1. 'N KORT OORSIG VAN NAVORSING OOR DIE KARAKTERISERING VAN PILATUS IN DIE JOHANNESEVANGELIE

Vir *Alan Culpepper* (1983:142-143) is Pilatus 'n verteenwoordigende ("representative") karakter – soos wat volgens hom ook die geval is met karakters soos Nikodemus, die lam man en die blinde man. Volgens Culpepper is Pilatus vasgevang tussen "die Jode" en Jesus, en illustreer dié karakter dat dit onmoontlik is om kompromieë ten opsigte van Jesus aan te gaan, dat 'n mens 'n keuse oor Hom móét maak en wat die gevolge van Pilatus se keuse is. Culpepper argumenteer dat Pilatus gou besef dat Jesus eintlik onskuldig is, maar dat hy deur "die Jode" geforseer word om Jesus se dood te sanksioneer. Pilatus is dus bereid om die waarheid op te offer en 'n onskuldige mens te verdoem.

Vir *Helen K. Bond* (1998:174-193), daarteenoor, is Pilatus allesbehalwe 'n swak figuur. Volgens haar bejeën Pilatus sy taak as regter met groot erns. Hy ondervra Jesus, maar besef baie gou dat Hy geen politieke gevaar inhou nie. Pilatus gebruik dan egter die kans om nie net vir Jesus te bespot nie, maar om ook "die Jode" en hulle politieke aspirasies belaglik te maak (Bond 1998:192). Pilatus veroordeel wel vir Jesus ter dood, maar forseer ook in die proses "die Jode" om hulle messiaanse verwagtinge te versaak en die heerskappy van die keiser te erken. Bond is verder oortuig dat Pilatus hom hierdeur aan die kant van die wêreld skaar, en uiteindelik dus saam met "die Jode" veroordeel word.

Charles H. Giblin (1986:221-239) stem nie saam met Culpepper dat die Johannese Pilatus

¹ Die outeur erken graag die finansiële ondersteuning van die NNS van Suid-Afrika vir die projek waaruit hierdie artikel voortvloei.

onder die druk van “die Jode” swig nie. Volgens Giblin word Pilatus as ’n wêreldse gesagsfiguur uitgebeeld (Giblin 1986:239) wat sukses behaal omdat hy sy eie posisie deurentyd beveilig, selfs al geskied dit ten koste van billikheid. Giblin argumenteer ook dat Pilatus hom op een punt takties misreken (wanneer hy aanbied dat Barabbas vrygelaat moet word), maar dat hy gou van die terugslag herstel en dan sy strategie om “die Jode” tot sy eie voordeel te misbruik, voortsit, terwyl hy ook terselfdertyd duidelik laat blyk dat hy hulle verag. Giblin beklemtoon verder dat Pilatus Jesus se selfopenbaring verwerp en net sy eie politieke selfbelang najaag.

Vir *Dirk Gniesmer* (2000:370-374) is daar twee aspekte wat belangrik is in die karakterisering van Pilatus: Eerstens beklemtoon hy dat Pilatus ’n sogenaamde “hermeneutiese figuur” is. Daarmee bedoel hy dat die karakterisering van Pilatus nie primêr ’n morele evaluering of ’n psigologiese uitbeelding van die karakter ten doel het nie, maar dat hy hermeneuties funksioneer deurdat sy dikwels aanstootlike gedrag gebruik word om belangrike vraagstukke op die tafel te plaas, byvoorbeeld die feit dat Jesus onskuldig veroordeel word. Tweedens beklemtoon Gniesmer die feit dat Pilatus in sy regterlike taak misluk en dat hy dus uitgebeeld word as “[ein] scheinender Anwalt Jesu” (Gniesmer 2000:373). In plaas daarvan om sy afstand van die aanklaers te behou, word hy ’n instrument in hulle hande. Uiteindelik verloor hy sy legitimiteit as regter en wat werklik gebeur, is dat hy self voor Jesus as eskatologiese regter teregstaan.

In sy interpretasie van Pilatus beklemtoon *Martin de Boer* (2000:141-158) dat Pilatus aanvanklik uiters onwillig is om betrokke te raak by Jesus se verhoor. De Boer vra dan hoekom Pilatus op hierdie manier uitgebeeld word. Vir hom lê die antwoord daarin dat Pilatus herhaaldelik Jesus “die koning van die Jode” noem – ’n aspek wat geïnterpreteer moet word as ’n doelbewuste beklemtoning deur die outeur. Volgens De Boer het die outeur dié aspek wel in die tradisie gekry, maar benut hy dit op ’n ironiese manier, naamlik dat Jesus juis as koning van “die Jode” begin funksioneer tydens hulle suksesvolle kampanje om Hom op daardie aanklag te laat doodmaak. Die outeur gebruik Pilatus wat nie verstaan wat aan die gang is nie en ook nie in Jesus glo nie en onwillig aan die gebeure meedoen, as ’n narratiewe basis vir hierdie tragiese ironie.

Volgens *Christopher Tuckett* (2000:131-140) het die outeur van die Johannesevangelie geen simpatie met Pilatus nie, en beeld hy hom eerder uit as iemand wat alles opponeer waarvoor Jesus staan. Om dit reg te kry, gebruik die outeur ironie op ’n meesterlike wyse, byvoorbeeld wanneer Pilatus vra “Is ek dalk ’n Jood?”, bedoelende dat hy nie een is nie, terwyl hy uiteindelik optree soos “die Jode” deurdat hy nie in Jesus glo nie. Volgens Tuckett moet Pilatus ook die meeste skuld vir Jesus se dood dra. Hy argumenteer dat Pilatus “die Jode” in ’n hoek dryf sodat hulle uiteindelik verplig is om hulle eie herkoms en hulle God te verloën: “He is the real instigator of the ultimate blasphemy” (Tuckett 2000:139).

Cornelis Bennema (2009a:187) tipeer Pilatus as een van die mees komplekse karakters in die Johannesevangelie. Hy stem saam met kenners wat Pilatus as ’n sterk karakter beskou, maar dink ook dat hulle dit wat hy binne hierdie situasie kan doen, oorskat. Volgens hom is Pilatus ’n bevoegde en berekende politikus wat vir “die Jode” wil wys dat hy in beheer is terwyl hy terselfdertyd Jesus se verhoor op ’n professionele probeer manier hanteer (Bennema 2009a:188). Pilatus slaag egter nie in een van hierdie twee doelstellings nie omdat hy die gedetermineerdheid van “die Jode” onderskat het. Hy besef dat Jesus onskuldig is, maar word tot so ’n mate deur hulle gemanipuleer dat hy Jesus ter dood veroordeel omdat hy bang is om sy eie mag te verloor. Bennema toon ook ’n proses van karakterontwikkeling by Pilatus aan: Aanvanklik probeer hy nie om vir Jesus vry te laat nie; later probeer hy wel, maar word op verrassende manier deur “die Jode” uitoorlê.

Uit hierdie kort oorsig is dit duidelik dat daar geen konsensus onder navorsers is oor hoe Pilatus in die Johannesevangelie uitgebeeld word nie. Word hy uitgebeeld as ’n swak en manipuleerbare karakter wat onder druk van “die Jode” swig? Of is hy dalk ’n uitgeslape karakter

wat selfbelang vooropstel en “die Jode” manipuleer? Tart hy hulle, en indien wel, hoekom? Is hy ’n swak regter of dalk eerder ’n karakter wat primêr deur die implisiete outeur gebruik word om ironie te bewerkstellig? Die feit dat navorsers op verskillende en dikwels botsende maniere op vroeë soos hierdie antwoord is onder andere daaraan toe te skryf dat Pilatus nooit direk gekarakteriseer word nie; slegs indirek, dit wil sê deur sy woorde en daede (so, tereg, Bennema 2009b:397-398), wat op meer as een manier geïnterpreteer kan word. In hierdie artikel word die karakterisering van Pilatus sistematies ondersoek in ’n poging om ’n goedgegemotiveerde eie interpretasie van hierdie karakter aan te bied.

Die benadering wat gevolg sal word, is die van Seymour Chatman (1978:119-133). Hy definieer karakters as ’n *versameling van karaktertrekke* – met ’n “karaktertrek” gedefinieer as enige relatiewe stabiele persoonlike eienskap wat met ’n karakter geassosieer word. Tydens die vertelling word nuwe karaktertrekke deur direkte of indirekte karakterisering sigbaar en soos wat die verhaal vorder, kan karaktertrekke verdiep of vervang word. Tydens die leesproses stel die implisiete leser as’t ware vir elke nuwe karakter ’n lysie van karaktertrekke op waartoe nuwes toegevoeg word en dié wat reeds bekend is, bevestig, verander of vervang word. In hierdie artikel sal die karakterisering van Pilatus sistematies in terme van hierdie benadering ondersoek word – ’n benadering wat, so ver ek kon vasstel, nog nie vantevore gebruik is om die karakterisering van Pilatus te ondersoek nie.

2. DIE KARAKTERISERING VAN PILATUS IN DIE JOHANNESEVANGELIE

In navolging van Raymond Brown (1984:858-859) en andere word Johannes 18:28-19:116a in sewe tonele verdeel, wat mekaar afwissel as gesitueer “buite” of “binne” die *praetorium*.

2.1 Toneel een: Johannes 18:28-32

Pilatus verskyn op die toneel sonder enige gedetailleerde beskrywing, waaruit ’n mens kan aflei dat die implisiete outeur aanvaar dat die implisiete leser weet wie dié karakter is. Wat die karakterisering van Pilatus in hierdie toneel betref, word drie handelinge vertel waaruit karaktertrekke afgelei kan word, naamlik dat hy uitgaan na “die Jode”, dat hy hulle vra watter aanklag hulle teen Jesus het, en dat hy aan hulle sê dat hulle Hom self moet vat en volgens hulle eie wet moet oordeel. Afhange van die manier waarop hierdie handelinge geïnterpreteer word, kan verskillende en selfs teenoorgestelde karaktertrekke aan Pilatus toegeken word. Die rede hiervoor is dat daar verskeie “leë plekke” (Iser 1976:257-355) in die teks is wat op meer as een manier gevul kan word. Daar is byvoorbeeld ’n leë plek in die teks ten opsigte van die vraag wat Pilatus reeds van die saak, van Jesus en van “die Jode” se werklike planne weet wanneer Jesus voor Hom gebring word. Myns insiens moet hierdie leë plek as volg gevul word: Volgens Johannes 18:3 het Judas ’n afdeling soldate saam met hom geneem, waaruit ’n mens kan aflei dat Pilatus wel op ’n manier kennis gedra het van Jesus se arres en die redes daarvoor (so ook Brown 1984:847). Verder kan ’n mens ook uit Pilatus se latere vraag in 18:33 (“Is jy die koning van die Jode?”) aflei dat hy voor die tyd hieroor ingelig is (so ook, o.a., Lincoln 2005:461).

Watter karaktertrekke kan ’n mens aflei uit die drie handelinge van Pilatus in hierdie toneel? Volgens vers 29 gaan hy uit na “die Jode” toe. Dit kan op meer as een manier geïnterpreteer word, naamlik dat hy hier alreeds ’n eerste toegewing aan “die Jode” maak omdat dit destyds die logiese optrede vir iemand in sy posisie sou wees om die minderes te laat weet dat hulle na binne moet kom as hulle hom wil spreek (so, byv. Culpepper 1983:143); dat sy optrede van wysheid getuig omdat hy bewus is daarvan dat ’n weiering om na buite te gaan as ’n vorm van uittarting beskou sou word (Barrett 1978:533); of dat dit ’n gebaar is wat van respek getuig (Bond 1998:175). Die feit dat Pilatus later in die verhaal onder die druk van “die Jode” swig, is

myns insiens 'n aanduiding dat die eerste interpretasie die beste keuse is. Die onderliggende karaktertrek kan dan geformuleer word as “vind dit moeilik om die druk van ‘die Jode’ te weerstaan”.

Pilatus se tweede handeling is om “die Jode” te vra watter aanklag hulle teen Jesus bring. Weer eens is sy optrede vatbaar vir meer as een interpretasie, naamlik as 'n aanduiding dat hy nog nie (volledig) ingelig is oor die saak nie (Haenchen 1980:534); as die formele begin van die regsproes (Schnackenburg 1979:278); of as 'n uitdaging aan “die Jode” dat hulle nie genoeg getuienis teen Jesus het nie (Heil 1995:48). Die eerste twee opsies is albei aanvaarbaar (die derde word nie ondersteun deur die manier waarop die vraag verwoord word nie), wat beteken dat die karaktertrek wat geïllustreer word, geformuleer kan word as “probeer om sy regterlike rol te vervul”.

“Die Jode” reageer sarkasties op Pilatus se vraag: “As Hy geen kwaaddoener was nie, sou ons Hom nie aan jou oorgelewer het nie.” Pilatus se reaksie hierop (dat hulle Hom dan self moet vat en volgens hulle eie wet moet oordeel) word op verskillende maniere deur navorsers verstaan. Volgens Van Tilborg (1996:166) tree Pilatus op soos 'n goeie goewerneur behoort op te tree deurdat hy nie betrokke raak by sake wat die plaaslike gesagsliggaam kan hanteer nie. Alhoewel hierdie stelling in die algemeen waar mag wees, lyk dit nie asof dit in hierdie konteks die beste interpretasie is nie, want “die Jode” het so pas uiters astrap teenoor Pilatus opgetree. Dat hy daarop sou reageer deur bloot die saak na hulle terug te verwys, lyk dus nie korrek nie. Die blote feit dat hulle na hom gekom het, moes ook reeds vir Pilatus 'n aanduiding gewees het dat hulle nie die bevoegdheid het om die saak verder te hanteer nie. Uit die volgende toneel is dit ook duidelik dat Pilatus reeds bewus is van die aard van die aanklag teen Jesus (dat Hy Homself as die koning van “die Jode” beskou) en dit was nie die soort aanklag wat 'n goeie goewerneur na die plaaslike gesagsliggaam sou terugverwys nie. Dat Pilatus werklik wou hê dat “die Jode” die saak verder moet hanteer, kan dus nie aanvaar word nie. Dit is beter om sy reaksie as sarkasme te verstaan (so, o.a. Bennema 2009a:184) – 'n poging om “die Jode” aan hulle ondergeskikte posisie te herinner. Dit is verder ook 'n uitdrukking van sy onwilligheid om enigsins by die saak betrokke te wees (so, byv. Schnackenburg 1979:279-280). Indien 'n mens sy reaksie as sarkasme verstaan, kan die onderliggende karaktertrek wat daardeur aan die implisiete leser geopenbaar word, geformuleer word as “hou nie van ‘die Jode’ nie”.

Indien hierdie interpretasie van die karakterisering van Pilatus se optrede in die eerste toneel korrek is, lyk die lysie van karaktertrekke wat die implisiete leser met hierdie karakter aan die einde van hierdie toneel assosieer, as volg:

- Vind dit moeilik om die druk van “die Jode” te weerstaan;
- Poog om sy regterlike rol te vervul;
- Hou nie van “die Jode” nie.

2.2 Toneel twee: Johannes 18:33-38a

Hierdie toneel open met Pilatus wat vir Jesus vra of Hy die koning van “die Jode” is. Die karaktertrek “poog om sy regterlike rol te vervul” word daarmee dus weer geïllustreer. Jesus antwoord nie direk op die vraag nie, maar vra self 'n vraag wat lei tot Pilatus se verontwaardigde – en ironiese (Lincoln 2005:462) – reaksie: “Ek is tog nie 'n Jood nie!” Die karaktertrek wat weer eens geïllustreer word, is “hou nie van die ‘Jode’ nie”. Dat Pilatus nog steeds sy regterlike rol met erns beheer, is duidelik uit sy volgende vraag: “Wat het jy gedoen?” Ná Jesus se redelike uitgebreide antwoord hierop, stuur Pilatus weer die gesprek na wat hy self as belangrik beskou: “Jy is dus 'n koning?” Hy probeer dus nog steeds om sy regterlike rol te vervul. Ná nog 'n redelike uitgebreide antwoord van Jesus – hierdie keer oor die aard van sy koningskap en hoe dit met die waarheid verband hou – reageer Pilatus baie kort: “Wat is waarheid?” Hierdie vraag is al

op baie verskillende maniere geïnterpreteer (vir 'n goeie oorsig, kyk Haenchen 1980:536-537), maar soos verreweg die meeste navorsers deesdae aanvaar, word Pilatus nie hier uitgebeeld as iemand wat op soek is na die waarheid of 'n ernstige filosofiese vraag vra nie. Die toon waarmee hy die vraag vra, mag op meer as een manier geïnterpreteer word, byvoorbeeld, as sinies (Culpepper 1983:142), gefrustreerd (Stibbe 1992:106) of minagtend (Tuckett 2000:135), maar die bedoeling is duidelik, naamlik dat dit die gesprek wat Jesus oor die waarheid begin, beëindig, en dat Pilatus daardeur vir Jesus as *die Waarheid* verwerp. 'n Nuwe karaktertrek word sodoende deur die implisiete outeur onthul, naamlik dat Pilatus Jesus as die Waarheid verwerp.

Aan die einde van die tweede toneel lyk die lysie van karaktertrekke wat die implisiete leser dus met Pilatus assosieer, as volg (Karaktertrekke wat in 'n bepaalde toneel herhaal word, of vir die eerste keer voorkom, word kursief gedruk):

- Vind dit moeilik om die druk van “die Jode” te weerstaan;
- *Poog om sy regterlike rol te vervul;*
- *Hou nie van “die Jode nie”;*
- *Verwerp Jesus as die Waarheid.*

2.3 Toneel drie: Johannes 18:38b-40

Alhoewel hierdie toneel kort is, is die karakterisering van Pilatus in hierdie geval redelik kompleks. Die toneel begin met Pilatus se aankondiging dat hy geen rede vir 'n aanklag teen Jesus vind nie. Hieruit kan 'n mens aflei dat die gebeure in die vorige toneel hom moes oortuig het dat Jesus onskuldig is. Die karaktertrek wat deur hierdie optrede van Pilatus geïllustreer word, is dus die een wat reeds in vorige tonele geïdentifiseer is, naamlik “poog om sy regterlike rol te vervul.” In hierdie geval kan 'n mens byvoeg “op 'n regverdige manier.” Die gebeure wat hierop volg, bederf egter feitlik onmiddellik hierdie prentjie: In plaas daarvan om dadelik vir Jesus vry te laat soos wat hy behoort te doen, bied hy aan “die Jode” 'n keuse tussen Jesus en Barabbas. Die blote feit dat dit gebeur – ongeag hoe 'n mens Pilatus se optrede interpreteer – dui op onregverdige optrede. Indien Jesus onskuldig is, behoort daar geen ekstra pogings te wees om Hom vrygelaat te kry nie. Gevolglik word die karaktertrek “poog om sy regterlike rol op 'n regverdige manier te vervul” onmiddellik deur Pilatus se optrede negeer. Sy vreemde optrede word waarskynlik gemotiveer deur 'n ander karaktertrek wat reeds bo uitgelig is, naamlik “vind dit moeilik om die druk van ‘die Jode’ te weerstaan.”

In sy poging om Jesus vrygelaat te kry, verwys Pilatus na Jesus as “die koning van die Jode” – 'n uitdrukking wat definitief nie sou bydra om “die Jode” te oortuig nie! Om hierdie vreemde optrede van Pilatus te verklaar, is nie maklik nie. Dit is wel waar dat die begrip “koning van die Jode” in terme van die oorkoepelende narratiewe strategie in hierdie deel van die Evangelie 'n belangrike rol speel en dat dit die rede is hoekom die implisiete outeur hierdie woorde op Pilatus se lippe plaas (kyk De Boer 2000:146-148 vir 'n goeie bespreking hiervan), maar dit het 'n definitiewe invloed op die karakterisering van Pilatus. Hoe moet 'n mens dit verstaan? Die maklikste uitweg is om te aanvaar dat Pilatus se optrede nie sin maak nie en dat dit nie vir die implisiete outeur belangrik is om Pilatus uit te beeld as iemand wie se optrede logies sin maak nie (so byv. Gniesmer 2000:267). Indien 'n mens egter aanvaar dat sy optrede as redelik voorgestel word (soos ek aanvaar), moet sy vreemde optrede verduidelik word. In hierdie geval moet 'n mens eers besluit of Pilatus inderdaad vir Jesus wou vrylaat. Daar is navorsers wat aanvaar dat hy nie werklik van plan was om Jesus vry te laat nie, maar eintlik net besig was om “die Jode” uit te tart (byv. Bond 1998:180). Dit sou beteken dat Pilatus gekarakteriseer word as iemand wat doelbewus oneerlik optree: Hy is óf nie oortuig dat Jesus onskuldig is nie en lieg daarvoor as hy sê dat hy geen rede tot skuld by Hom kry nie, óf hy besef dat Jesus onskuldig is, maar het geen plan om Hom vry te laat nie. Verder sou hy baie wreed optree, sowel teenoor “die Jode” as teenoor

Jesus. Dat Pilatus uitgebeeld word as oneerlik as hy die opmerking maak dat Jesus onskuldig is, is moeilik om te aanvaar, aangesien hy dieselfde stelling nog twee keer verderaan in die verhaal maak (19:4 en 19:6). As hy wel oortuig was dat Jesus onskuldig is, lyk dit meer waarskynlik dat hy iets daaraan sou wou doen. Aangesien hy reeds bewus is daarvan dat “die Jode” Hom wil dood hê (18:31), lyk dit na die beste uitweg om te aanvaar dat, omdat hy dit moeilik vind om die druk van hulle kant af te weerstaan (soos bo aangetoon), hy ’n plan bedink om dit vir hulle moontlik te maak om uit die situasie te kom sonder dat hulle te veel aansien moet inboet. Dié poging misluk om twee redes: primêr omdat “die Jode” op geen manier oortuig sal word om Jesus te laat gaan nie, en verder omdat hy die aanbod op so ’n ondiplomatieuse wyse maak. Dié ondiplomatieuse wyse waarop hy die aanbod maak, kan op meer as een manier verduidelik word, byvoorbeeld dat dit deur Pilatus as ironiese oordrywing bedoel word, maar dat dit misluk (Heil 1995:59); dat hy by voorbaat besef dat “die Jode” nie sy aanbod gaan aanvaar nie en sy aanbod dus so verwoord dat hulle geforseer word om die verwagting van ’n eie koning te verwerp (Brown 1984:855); dat dit ’n verdere uitdrukking van die karaktertrek “hou nie van ‘die Jode’ nie” is of dat dit blote onbevoegdheid is. Van hierdie opsies vind ek die laaste twee aanvaarbaar.

Die lysie van karaktertrekke wat die implisiete leser aan die einde van die derde toneel met Pilatus assosieer lyk dus as volg:

- *Vind dit moeilik om die druk van “die Jode” te weerstaan;*
- *Poog om sy regterlike rol op ’n regverdige manier te vervul ↔² Vervul sy regterlike rol op ’n onbillike manier;*
- *Hou nie van “die Jode” nie;*
- *Verwerp Jesus as die Waarheid;*
- *Ondiplomaties.*

2.4 Toneel vier: Johannes 19:1-3

Hierdie toneel speel weer binne die *praetorium* af. Jesus word gegêsel en – op ironiese wyse (kyk byv. Duke 1985:131-132) – deur die soldate as die “koning van die Jode” bespot. Hoekom laat Pilatus vir Jesus gêsel? Die Romeine het gêseling om verskeie redes gebruik: as deel van die kruisigingsproses, as ’n manier om inligting uit ’n beskuldigde te kry of as ’n vorm van straf op sigself (Schnackenburg 1979:291-292). In die Johannesevangelie is die gêseling nie deel van die kruisigingsproses nie. ’n Mens moet dus een van die ander opsies oorweeg. In die volgende toneel – ná die gêseling – laat Pilatus vir Jesus na buite kom en kondig dan aan: “Kyk, ek bring hom vir julle uit, sodat julle kan weet dat ek geen skuld in hom vind nie.” Pilatus verbind dus self die gêseling van Jesus met die moontlikheid dat “die Jode” sal besef dat Jesus onskuldig is. Dit kan op meer as een manier geïnterpreteer word: Hy het vir Jesus laat gêsel en is nog steeds oortuig van Jesus se onskuld – iets wat deur die voorkoms van die gegêselde en vernederde Jesus bevestig word, of dat selfs die gêseling geen nuwe inligting aan die lig gebring het wat toon dat Pilatus se aanspraak dat Jesus onskuldig is, verkeerd is nie. Van hierdie twee moontlikhede verkies ek die laaste een. Indien dit die geval is, is Pilatus se besluit om Jesus te laat gêsel nóg ’n manier om Hom te spot (Bond 1998:182-185), nóg ’n vorm van magismisbruik (Wengst 2001:232), maar wel ’n poging om Hom op ’n indirekte manier vry te laat (so, byv. Bultmann 1978:509-511, Culpepper 1983:142 en De Boer 2000:143); nie soseer deur simpatie vir Jesus te probeer skep nie (contra Haenchen 1980:539), maar eerder in die sin dat hy die gêseling gebruik as ’n bewys van Jesus se onskuld.

Watter karaktertrekke van Pilatus word hierdeur onthul? Twee van die karaktertrekke wat reeds vroeër sigbaar geword het, word weer geïllustreer, naamlik dat hy onbillik optree (selfs al is dit ’n poging om Jesus vry te laat, bly dit onbillik, want Hy is onskuldig), asook dat hy dit moeilik

2 Ek gebruik die teken ↔ om botsende optrede aan te dui.

vind om die druk van “die Jode” te weerstaan.

Die lysie van karaktertrekke is dus nog dieselfde as aan die einde van die vorige toneel:

- *Vind dit moeilik om die druk van “die Jode” te weerstaan;*
- *Poog om sy regterlike rol op ’n regverdige manier te vervul ↔ Vervul sy regterlike rol op ’n onbillike manier;*
- *Hou nie van “die Jode” nie;*
- *Verwerp Jesus as die Waarheid;*
- *Ondiplomaties.*

2.5 Toneel vyf: Johannes 19:4-8

Hierdie toneel begin met Pilatus wat aankondig dat hy vir Jesus buitentoe bring waarna hy herhaal dat hy geen skuld in Hom vind nie. Hy verwys dan na Jesus met die woorde: “Kyk, die mens!” Hierdie uitdrukking moet op twee vlakke geïnterpreteer word, naamlik enersyds dat dit nog deel uitmaak van Pilatus se strategie om Jesus vry te laat, met die bedoeling: “Hoe kan hierdie gegéselde, vernederde mens die koning van die Jode wees?” (kyk Panackel 1988:312-322 vir ’n oorsig van verskeie interpretasie moontlikhede), maar andersyds is dit ook hoogs ironies, want Jesus is baie meer as wat op die oog af gesien kan word (Thyen 2005:723-724).

Watter karaktertrek word deur Pilatus se optrede in 19:4-6 onthul? As ’n mens dit interpreteer as deel van ’n strategie om Jesus vry te laat (so, byv. Bultmann 1978:509-511) – soos wat ek aanvaar – is dit dieselfde karaktertrek wat vroeër onthul is, naamlik dat hy probeer om sy regterlike rol op ’n billike manier te vervul. Die feit dat hy so ’n strategie moet gebruik, illustreer verder ook hoe moeilik dit vir hom is om die druk van “die Jode” te weerstaan.

Op die oproep om Jesus te laat kruisig, reageer Pilatus met “Neem julle hom en kruisig hom!” waarna hy weer eens Jesus se onskuld verklaar. Alhoewel dit moontlik is dat die implisiete leser sou kon aanvaar dat die Joodse leierskap Jesus met die toestemming van die goewerneur sou kon doodmaak (De Boer 2000:144, vn. 113), lyk dit beter om in die lig van 18:31 te aanvaar dat dit nie regtig is wat Pilatus wil hê hulle moes doen nie. Die toon van sy woorde kan op verskillende maniere geïnterpreteer word, byvoorbeeld dat hy hulle koggel (Barrett 1978:541), sarkasties (Schnackenburg 1979:297) of geïrriteerd is (Gniesmer 2000:294). Nietemin, die karaktertrek wat deur sy gedrag geopenbaar word, is dieselfde een as wat bo aangetoon is, naamlik dat hy dit moeilik vind om die druk van “die Jode” te weerstaan.

Wanneer “die Jode” hierop antwoord dat Jesus moet sterf, volg een van die rare momente van interne fokalisasie (kyk Tolmie 1999:29-38 vir ’n vollediger bespreking hiervan) in die Johannes-evangelie: Ὅτε οὖν ἤκουσεν ὁ Πιλάτος τοῦτον τὸν λόγον, μᾶλλον ἐφοβήθη. Omdat daar nêrens vroeër in die verhaal enige aanduiding is dat Pilatus bang is nie, is daar navorsers wat verkies om μᾶλλον in hierdie geval te interpreteer as “baie” (bv Barrett 1978:542). Dié maklike uitweg kan myns insiens egter nie gevolg word nie. Die feit dat Pilatus nie vroeër in die verhaal as bang uitgebeeld word nie, beteken nie dat die uitdrukking nie op die voor-die-hand-liggende manier as “hy was nog banger” verstaan moet word nie. Soos wat Gniesmer (2000:317, vn. 952) tereg aantoon, gebeur iets soortgelyks in 5:18 waar vertel word dat “die Jode” des te meer probeer het om Hom dood te maak (μᾶλλον word ook in hierdie geval gebruik) sonder dat vooraf vertel word dat hulle van plan was om Jesus dood te maak. Verder, as ’n mens kyk na die manier waarop μᾶλλον gewoonlik in die Nuwe-Testamentiese literatuur gebruik word, is “baie” nie ’n goeie interpretasie nie. (Kyk Schnackenburg 1979:300, n. 378, vir ’n vollediger bespreking.)

Dit word dus retrospektief aan die implisiete leser onthul dat Pilatus die hele tyd bang was. Waarvoor was hy tot dusver bang? Daar is twee moontlikhede, naamlik dat hy bang was vir óf Jesus óf “die Jode”. Tot sover was daar nog nie enige aanduiding dat hy bang is vir Jesus nie, maar dit het al meer as een keer geblyk dat hy sukkel om die druk van “die Jode” te weerstaan,

wat dit laat lyk of hy tot sover vir “die Jode” bang was. Gevolglik kan die karaktertrek “vind dit moeilik om die druk van ‘die Jode’ te weerstaan” nou nog verder uitgebrei word na “is bang vir ‘die Jode.’”

Wat is die rede daarvoor dat Pilatus in hierdie toneel nóg banger word? Volgens vers 8 is sy groter vrees direk aan die reaksie van “die Jode” gekoppel: “Toe hy hierdie stelling hoor ...” Hieruit kan afgelei word dat Pilatus nou skielik besef dat daar ’n moontlikheid is dat die gode/’n godheid ook by die saak betrokke is (Bultmann 1978:512). Dit word bevestig deur sy optrede: Hy gaan dadelik na binne en vra vir Jesus waar Hy vandaan kom. Gevolglik kan die karaktertrek “bygelowig” ook tot die lysie van karaktertrekke bygevoeg word.

Aan die einde van hierdie toneel lyk hierdie lysie dan as volg:

- *Vind dit moeilik om die druk van “die Jode” te weerstaan; bang vir “die Jode”;*
- *Poog om sy regterlike rol op ’n regverdige manier te vervul ↔ Vervul sy regterlike rol op ’n onbillike manier;*
- *Hou nie van “die Jode” nie;*
- *Verwerp Jesus as die Waarheid;*
- *Ondiplomaties;*
- *Bygelowig.*

2.6 Toneel ses: Johannes 19:9-11

In hierdie toneel word twee karaktertrekke van Pilatus wat vroeër in die verhaal onthul is, weer eens deur sy optrede bevestig.

Die eerste karaktertrek is dat Pilatus nie in Jesus glo nie, of, soos dit vroeër geformuleer is, dat hy Jesus as die Waarheid verwerp. Dit kan ’n mens aflei uit die feit dat hy – ironies genoeg! (Moloney 1998:495) – die regte vraag oor Jesus vra (“Vanwaar kom jy?”), maar nogtans nie in Hom glo nie. Dit is ook die rede hoekom Jesus hom nie antwoord nie (so, o.a., Bond 1998:188).

Geïrriteerd deur Jesus se swye, probeer Pilatus Hom forseer om iets te sê deur sy eie gesag te beklemtoon. Jesus reageer egter deur die ware aard van Pilatus se gesag aan te toon (die gesag wat hy oor Jesus het, kom “van Bo”), waardeur die implisiete outeur Pilatus karakteriseer as iemand wat onbewus van die ware aard van sy gesag is – dus, ’n nuwe karaktertrek.

Gevolglik lyk die lysie van karaktertrekke wat aan die einde van hierdie toneel met Nikodemus geassosieer word as volg:

- *Vind dit moeilik om die druk van “die Jode” te weerstaan; bang vir “die Jode”;*
- *Poog om sy regterlike rol op ’n regverdige manier te vervul ↔ Vervul sy regterlike rol op ’n onbillike manier;*
- *Hou nie van “die Jode” nie;*
- *Verwerp Jesus as die Waarheid;*
- *Ondiplomaties;*
- *Bygelowig;*
- *Nie bewus van die ware aard van sy gesag nie.*

2.7 Toneel sewe: Johannes 19:12-16

Jesus se reaksie in die vorige toneel lei daartoe dat Pilatus Hom in hierdie toneel probeer vrylaat – dus ’n verdere illustrasie van die karaktertrek “poog om sy regterlike rol op ’n regverdige manier te vervul”. Hierdie poging word egter deur “die Jode” gefnuik wat vir Pilatus forseer om te kies of hy ’n “vriend van die keiser” wil wees en of hy vir Jesus wil vrylaat. Dit lei daartoe dat hy Jesus aan hulle oorlewer. Hierdie optrede is ’n manifestasie van ’n karaktertrek wat reeds vroeër geïdentifiseer is, naamlik “vervul sy regterlike rol op ’n onbillike manier” – wat direk bots met sy aanvanklike poging in hierdie toneel om Jesus te probeer vrylaat. Sy optrede is verder ook ’n

illustrasie van 'n ander karaktertrek wat tot dusver nog nie onthul is nie, naamlik dat sy posisie as goewerneur vir hom belangrik is.

Hierop gaan sit Pilatus op die regbank en sê vir “die Jode”: “Kyk, julle koning!” Hierdie woorde word soms geïnterpreteer as 'n verdere poging van Pilatus om vir Jesus vry te laat (Schnackenburg 1979:306) of selfs as 'n oproep op 'n moontlike eergevoel onder “die Jode” (Bultmann 1978:514), maar dit lyk meer waarskynlik dat dit sarkasties bedoel is (kyk byv. Giblin 1986:233). Indien dit die geval is, is dit 'n verdere illustrasie van die karaktertrek “hou nie van ‘die Jode’ nie.”

Aan die einde van hierdie toneel lyk die lysie van karaktertrekke wat die implisiete leser met Pilatus assosieer, dus as volg:

- *Vind dit moeilik om die druk van “die Jode” te weerstaan; bang vir “die Jode”;*
- *Poog om sy regterlike rol op 'n regverdige manier te vervul ↔ Vervul sy regterlike rol op 'n onbillike manier;*
- *Hou nie van “die Jode” nie;*
- *Verwerp Jesus as die Waarheid;*
- Ondiplomaties;
- Bygelowig;
- Nie bewus van die ware aard van sy gesag nie;
- *Eie posisie is vir hom belangrik.*

2.8 Afloop

In die res van die Johannesevangelie word Pilatus nog 'n verdere drie keer genoem. Volgens 19:19-22 maak die priesterhoofde beswaar oor die woorde “koning van die Jode” aan die kruis, maar weier hy om dit te verander; volgens 19:31-32 vra “die Jode” hom om die bene van die drie gekruisigdes te breek; en, volgens 19:39 word hy deur Josef van Arimatea genader met die versoek om die liggaam van Jesus te verwyder – wat hy toelaat. Culpepper (1983:143) interpreteer al drie hierdie gebeure as 'n poging van Pilatus om boete te doen vir sy verkeerde optrede vroeër in die verhaal, maar dit lyk of hy te veel in Pilatus se optrede lees. Dit moet dalk eerder as volg verstaan word: Pilatus se weiering om die woorde op die opskrif te verander, is 'n verdere manifestasie van die feit dat hy nie van “die Jode” hou nie. Die ander twee gebeure lyk na redelike reaksies op redelike versoeke.

3. KONKLUSIE

Ek vertrou dat bogenoemde analise illustreer hoe 'n mens Chatman se benadering tot karakterisering met vrug kan toepas op die interpretasie van 'n karakter in 'n verhaal in die Nuwe Testament en hoe so 'n benadering kan help om met groot akkuraatheid 'n interpretasie van 'n bepaalde karakter te beskryf. As die interpretasie van Pilatus wat hierbo aangebied is, korrek is, word daar nie minder as agt karaktereienskappe met Pilatus geassosieer nie, wat redelik baie is vir 'n karakter wat net in 'n klein deel van die Evangelie 'n rol speel. Dit is egter ook so dat nie al die karaktertrekke ewe veel klem ontvang nie. Die drie wat die meeste voorkom, is dat Pilatus dit moeilik vind om die druk van “die Jode” te weerstaan (en vir hulle bang is); dat hy sy taak as regter op 'n billike/onbillike manier vervul, en dat hy nie van “die Jode” hou nie.

Dit het ook geblyk dat daar ten opsigte van die karakterisering van Pilatus 'n hele aantal “leë plekke” in die teks is, onder andere hoeveel Pilatus van Jesus weet wanneer Hy voor hom gebring word, hoekom hy na buite gaan as “die Jode” weier om in die *praetorium* in te gaan, hoekom hy vir “die Jode” sê om self vir Jesus te vat en Hom te laat kruisig, hoekom hy na Jesus as die “koning van die Jode” verwys as hy aan hulle die keuse tussen Jesus en Barabbas gee, hoekom hy Jesus laat gésel, hoe die woord $\mu\alpha\lambda\lambda\omicron\nu$ verstaan moet word, en wat die presiese oorsaak van sy vrees

is. Soos ek aangetoon het, kan hierdie “leë plekke” op verskillende maniere deur die implisiete leser gevul word en afhange van die keuses wat gemaak word, kan verskillende en selfs botsende interpretasies van die karakter gemaak word.

Dit roep onmiddellik die vraag op hoekom daar in die teks so baie “leë spasies” ten opsigte van die karakterisering van Pilatus is. ’n Mens sou kon redeneer dat dit doelbewus gedoen word, m.a.w. dat die implisiete outeur doelbewus ’n dubbelsinnige/meerduidige karakter geskep het. Myns insiens is dit egter nie die geval nie en het die oorsaak vir die talle “leë spasies” in die karakterisering van Pilatus eerder te make met die feit dat Pilatus nie die belangrikste karakter in hierdie hoofstukke is nie. Soos wat in die res van die Johannesevangelie gebeur, val die fokus op Jesus, en is die uitbeelding van Pilatus in die lig daarvan ’n sekondêre aangeleentheid. Pilatus is slegs relevant in soverre daar interaksie tussen hom en Jesus en “die Jode” is.

Wanneer ’n mens die karakterisering van Pilatus in terme van die oorkoepelende narratiewe strategie in hierdie gedeelte beoordeel, is sy narratiewe rol tweeledig: Eerstens word hy deur die implisiete outeur gebruik om te beklemtoon dat Jesus onskuldig gekruisig word. Dit is byvoorbeeld sigbaar in die feit dat hy drie keer verklaar dat Jesus onskuldig is. Dit verduidelik ook die baie aandag wat gegee word aan die drie karaktereienskappe wat hierbo uitgelig is, want al drie word op een of ander manier aan Jesus se onskuld verbind. Tweedens gebruik die implisiete outeur Pilatus as karakter om op een van die hooftemas in hierdie gedeelte van die verhaal te fokus, naamlik op Jesus se koningskap (kyk hieroor die goeie analise van De Boer 2000:141-158). Met dié doel voor oë word die interaksie tussen Pilatus en Jesus so aangebied dat Jesus kans kry om op so ’n manier te reageer dat die aard van sy koningskap verduidelik word.

BIBLIOGRAFIE

- Barrett, C K 1978. *The Gospel according to St John. An introduction with commentary and notes on the Greek text*. London: SPCK.
- Bennema, C 2009a. *Encountering Jesus: Character studies in the Gospel of John*. Milton Keynes: Paternoster.
- Bennema, C 2009b. A theory of character in the Fourth Gospel with reference to ancient and modern literature. *Biblical Interpretation* 17:375-421.
- Bond, H K 1998. *Pontius Pilate in history and interpretation*. Cambridge: Cambridge University Press. SNTS. MS 100.
- Brown, R E 1984. *The Gospel according to John. Volume 2 (xiii-xxi)*. London: Geoffrey Chapman. AB.
- Bultmann, R 1978. *Das Evangelium des Johannes*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht. KEK 19.
- Chatman, S 1978. *Story and discourse. Narrative structure in fiction and film*. Ithaca: Cornell University Press.
- Culpepper, R A 1983. *Anatomy of the Fourth Gospel. A study in literary design*. Philadelphia: Fortress.
- De Boer, M C 2000. The narrative function of Pilate in John. In: G.J. Brooke & J.-D. Kaestli (eds.), *Narrativity in Biblical and related texts. La narrativité dans la Bible et les textes apparentés* (Leuven Leuven University Press/Peeters, BETL), pp. 141-158.
- Duke, P D 1985. *Irony in the Fourth Gospel*. Atlanta: John Knox.
- Giblin, C H 1986. John's narration of the hearing before Pilate (John 18,28-19,16a). *Biblical Theology Bulletin* 67:221-239.
- Gniesmer, D F 2000. *In den Prozeß verwickelt. Erzähltextanalytische und texpragmatische Erwägungen zur Erzählung vom Prozeß Jesu vor Pilatus (Joh 18,28-19,16a.b)*. Frankfurt am Main/ Berlin/Bern/Bruxelles/ New York/Wien: Peter Lang. EHST 23/688.
- Haenchen, E 1980. *Das Johannesevangelium. Ein Kommentar aus den nachgelassenen Manuskripten herausgegeben von Ulrich Busse mit einem Vorwort von James M. Robinson*. Tübingen: J.C.B. Mohr (Paul Siebeck).
- Heil, J P 1995. *Blood and water. The death and resurrection of Jesus in John 18-21*. Washington: Catholic Biblical Association of America. CBQ.MS 27.

- Iser, W 1976. *Der Akt des Lesens. Theorie ästhetischer Wirkung*. München: Fink. Uni-Taschenbücher 636.
- Lincoln, A T 2005. *The Gospel according to St John*. London – New York: Hendrickson/Continuum. BNTC.
- Moloney, F J 1998. *The Gospel of John*. Collegeville, Minnesota: Liturgical Press. Sacra Pagina 4.
- Panackel, C 1988. IDOU O ANQRWPOS (*Jn 19,5b*). *An exegetico-theological study of the text in the light of the use of the term ANQRWPOS designating Jesus in the Fourth Gospel*. Roma: Editrice Pontificia Universita Gregoriana. AnGr 251.
- Schnackenburg, R 1979. *Das Johannesevangelium. III. Teil*. Freiburg – Basel – Wien: Herder. HThK IV/I.
- Stibbe, M W G 1992. *John as storyteller. Narrative criticism and the Fourth Gospel*. Cambridge/New York/Port Chester/Melbourne/Sydney: Cambridge University Press. SNTS.MS 73.
- Thyen, H 2005. *Das Johannesevangelium*. Tübingen: Mohr-Siebeck. HNT 6.
- Tolmie, D F 1999. *Narratology and Biblical narratives. A practical guide*. San Francisco – London – Bethesda: International Scholars Publications.
- Tuckett, C M 2000. Pilate in John 18-19. A narrative-critical approach. In: G.J. Brooke & J.-D. Kaestli (eds.), *Narrativity in Biblical and related texts. La narrativité dans la Bible et les textes apparentés* (Leuven: Leuven University Press/Peeters, BETL), pp. 131-140.
- Van Tilborg, S 1996. *Reading John in Ephesus*. Leiden – New York – Köln: Brill. NT.S 83.
- Wengst, K 2001. *Das Johannesevangelium. 2. Teilband*. Stuttgart: Kolhammer. ThKzNT IV/2.

TREFWOORDE

Johannesevangelie
Narratologiese analise
Karakterisering
Pilatus

KEY WORDS

Gospel of John
Narratological analysis
Characterisation
Pilate

Kontakbesonderhede
Prof Francois Tolmie
Dekaan
Fakulteit Teologie
Universiteit van die Vrystaat
Bloemfontein
E-pos: tolmief@ufs.ac.za